
Geloof het 'n adres








# ONBEGRENS

**Jaco Strydom** (49) is 'n prediker sonder pretensie wat padlangs praat. Oor geloof, groei en gee. Vreemdelinge en verworpenes is sy geesgenote in die stryd om gebroke gemeenskappe te laat gedy.

*deur DAWID BRAND foto's HANNERI DE WET & ELOÏSE BUBB*












‘Ek is ’n bietjie soos ’n selfoon waarop daar baie apps op een slag oop is,” sê Jaco toe hy hom van ’n vergadering by ’n ander tafel in die Grounded @ Echo-koffiewinkel in Pretoria verskoon en oorkant my inskuif. Dié winkel, wat reeds sewe jaar bestaan, is onlangs oorgedoen en is net soos Jaco, die stigter van die Echo-gemeenskap, sonder fieterjasies.

“Dit is sommer ons kantoor ook. Enigiemand kan hier kom sit en werk. En natuurlik lekker koffie geniet,” sê hy toe Promise twee koppies koffie neersit. Medisyne op ’n Maandagoggend.

“Ons het al tien jaar terug die visie van ’n koffiewinkel gehad en wou dit aanvanklik naby een van ons Echo-huise oopmaak. Ons het altyd gesê die venster na ons gemeenskap moenie ’n kerk met ’n toring met ’n hoender op wees nie, maar ’n koffiewinkel. ’n Neutrale ontmoetingsplek waar almal tuis kan voel.”

## Gebrokenheid ís getuienis

Ek vra versigtig uit oor sy egskeiding sowat twee jaar gelede. “Dit was ’n baie slegte tyd. Ontnugtering, woede, skuldgevoelens. Geruk van sekerheid tot seer. Hoewel ek nie graag daaroor praat nie, is dit deel van my getuienis.

“Ons roeping is immers om ’n reguit hou met ’n krom stok te slaan, lig te bring in die duisternis, iets moois uit die slegte te haal. Ek glo alles werk ten goede mee vir dié wat die Here dien. Ek dink nie noodwendig Hy stuur alles nie, maar Hy gebruik beslis alles.

“Mense in die bediening is dikwels net eerlik oor die mooi, nie die maalkolke nie. Deel van ons konneksie met ander is juis om eerlik te kan worstel en te wees.

> ‘Ons grootste **GROEI** lê daarin om die Here in die **DONKER** te **soek** en te **sien**’

“Die Bybel is nie oneerlik oor mense se struwelinge of sondes nie. Petrus wat Jesus verraai het, is in ál die Evangelies. Dawid se vertwyfeling, sy donker Psalms. Ons is groot op dagstukkies, maar as jy al die ‘nagstukkies’ in die Bybel naspeur, sal jy sien hoe baie donker dele daar is. Klaagliedere, Prediker, Job. Ons lees te selektief. Ons grootste groei lê daarin om die Here in die donker te soek en te sien.

“Die moeilikste reis is altyd inwaarts. Ek moes opnuut introspeksie van my eie tekortkominge doen, want ’n mens is vinnig om vinger te wys. Skuldontkenning help egter niks met groei nie. My swak selfbeeld is tans goed vir my geestelike groei.

“’n Mens moenie die ander wang draai as jy nie bereid is om geklap te word nie. Jy kan nie sê jy het die ander wang gedraai as iets vir jou goed uitdraai nie. As dit goed uitdraai, was dit bloot ’n saketransaksie.

“Daar’s ’n lukraakheid in my verhouding met God wat in die Bybel weerspieël word – die frustrasie, worsteling, twyfel, maar ook die onwrikbare geloof. Ons sien dit by Dawid, die profete, Paulus. Hy’t die Here gesmeek om die doring uit sy vlees te haal en God het geantwoord: ‘My genade is vir jou genoeg.’

“Ons moet eerlik wees oor die kant van God wat ons deur Jesus leer ken én oor die misteriekant van God. Net soos ons die see kan geniet, verstaan ons nie die dieptes wat nog onontdek lê nie. Ons moet in gebrokenheid pleks van met beloftes voor God gaan staan en vra: ‘Here, wat wil U vir my hieruit leer?’ Die gebreekte riet wat in swakheid voor God staan, is nog nooit weggewys nie.”

## Hawe vir hulpeloses

Jaco vertel van die woonstel by een van die Echo-huise waarin hy op die oomblik woon. “Ek besit geen eiendom nie. Ek het op ’n tyd vir ’n jaar nie ’n kar gehad nie. Omdat ek deel is van ’n gemeenskap wat alles deel, was dit nie ’n probleem nie.”

Echo se huise is al vir 21 jaar ’n komma agter sinne waar die samelewing ’n punt gesit het. Altesaam 13 huise én ’n plaas waar meer as 140 vlerkloses op ’n slag ’n oop deur en oop arms vind om hul lewenskerwe in ’n mosaïekgetuienis te kan omskep. Van Gauteng tot in Witrivier, die Vrystaat en die Wes-Kaap verruil stukkende kinders, sekslawe en dwelmsmouse ’n smerige straat of tronksel vir hierdie veilige vasmeerplekke.

“Ons het twee soorte huise. Die een is hoërskoolhuise waar ons saam met ’n maatskaplike werker volle verantwoordelikheid vir elke kind aanvaar. Ons skep ’n gestruktureerde omgewing en sorg vir alles – van ’n warm bord kos tot klere, skoolwerk en ook dokters-, tandarts- en selfs hospitaalbesoeke.

“Kinderhuise neem nie ouer kinders in nie en is meestal vol. Soms kom die wiele egter op 13- of 14-jarige ouderdom af en dan het daardie kinders nêrens heen om te gaan nie. Hulle bly dan in dié huis totdat hulle hul skoolloopbaan voltooi.”

Die volgende baken op die Echo-pad is huise vir naskoolse jongmense wat in ’n web van wanhoop verstrengel geraak het. “Hier huisves ons kinders vanaf 18 tot die ouderdom van 22 of selfs 24 wat geen familie of ondersteuningsbasis het nie. Dié kinders beland maklik in ’n posisie waar hulle iemand swanger maak of self swanger raak en dan beland húl kinders weer in die kindersorgsisteem.






“Daarom is ’n behoorlike oorgang van kindersorg na volwassenheid so belangrik. Danksy ondersteuning en geleenthede ontdek die kind dat hy of sy nie net ’n slagoffer is nie. Die bose kringloop word verbreek en só word die behoeftige ’n bydraer. Ons vind borge en beurse en help met werksoek. Die suksesverhale is legio. Baie gaan studeer, terwyl ander hulle as haarkappers, sjefs en nutsmanne bekwaam.

“Dié jong volwassenes koop self kos en betaal ’n bietjie huur. Ons leer hulle om ’n begroting op te stel, konflik by die werk te hanteer, help hulle om hul rybewyse te kry, reël identiteitsdokumente.” Géé hulle identiteit, dink ek.

Hoewel die struktuur in dié huise minder streng is omdat die jong volwassenes juis aangemoedig word om hul vlerke te sprei en vastrapplek in die samelewing te kry, is daar duidelike reëls. “Ons het gereeld huisvergaderings en daar is aanspreeklikheid en verantwoordelikheid. Een keer per week eet ons saam.”

Dan is daar Echo se pragtige 47 hektaar-plaas en kampeerterrein by Frankfort in die Vrystaat. “Hier huisves ons meestal rowwe outjies wat uit rehabilitasie of ’n spesiale skool kom, nog nie werkgereed is nie en vir minstens ’n jaar uit die samelewing moet wegkom.” Weg van versoekings en dwelmbase se greep.

“Dié sewe ouens bly en bid nie net saam nie, hulle werk ook saam. Ons het groentetonnels, ’n paar skape, landerye. Die kampterrein is baie gewild oor die ongelooflike natuurskoon en die manne sorg dat dié terrein altyd eksie-perfeksie is.”

## Horisontale hiërargie

Jaco vertel hoe dier en natuur soos salf op ’n seerplek kom lê. “Die terapeutiese krag is tasbaar. In een geval het die psigiater gesê ’n spesifieke seun kan sy medikasie heeltemal staak ná slegs ’n paar maande op die plaas. Ons huidige leier op die plaas is reeds vanaf graad 9 deel van Echo – van dwelmhandelaar tot dryfveer. Hy kry 50% van die inkomste omdat ons hom nie ’n groot salaris kan betaal nie. Hy doen fantastiese programme en het selfs sy eie varkboerdery begin.”


Wins is allermins die wenpaal. Hier word entrepreneurskap nie net aangemoedig nie, maar gedy dit soos die vragte spinasie wat aan verskeie kruidenierswinkels in die omgewing gelewer word. “Een hoërskoolseun het onlangs sy eie hoenderboerdery begin, ’n ander een maak meubels.”

> ‘Die gebreekte riet wat in **SWAKHEID** voor God staan, is nog nooit **WEGGEWYS** nie’

Die eer van Echo se sukses kom hom nie toe nie, verdedig Jaco vinnig. Dis die leiers wat huis en plaas in ’n gemeenskap van geborgenheid omskep wat die gom op die genesingspad is. Baie was eens sélf stukkend. Soos Promise, wat van steier in ’n doodloopstraat tot leier genees en gegroei het, en ons derde koppie koffie bedien.

“Dan is daar van ’n onderwyser tot ’n argitek en ’n grafiese ontwerper wat gekies het om onbaatsugtig te gee en dikwels nie die grootsheid besef van wat hulle doen nie. Ons het ’n horisontale hiërargie. Pleks van beheer, is die klem op bemagtiging. Ons glo die een wat die grootste opofferings maak moet die grootste seggenskap hê. Ek sal gesprekke fasiliteer en my mening lug, maar ek is nie in beheer nie.”

Ja, dis ’n wipwarit, sê Jaco, maar daar is altyd hoop. En God se getroue voorsiening. “Ons is ’n bietjie geestelik bipolêr. Óf ons lag en vier fees, óf ons huil en is kwaad, vloek en skel. Daar is nie middelmatigheid nie. Baie soos my persoonlikheid. ▸











Soos iemand eenkeer opgemerk het: Jy hoef nie bekommerd te wees as die lyntjie op die hartmasjien op en af beweeg nie; dis wanneer hy skreeuend staties oor die skerm streep wat daar moeilikheid is."

'n Groot makietie word beplan om 21 jaar van die Echo-familie se bestaan te vier. "'n Gemeenskap, van wie baie vandag hul eie gesinne en kinders het, wat van heinde en ver gaan saamtrek. 'n Vark op 'n spit, 'n orkes. Soos die laaste bladsy in 'n Asterix-boek."

## Gemeenskap bo liefdadigheid

Ons gesels oor die vorige aand se interkerklike diens by die Villieria-gemeente in Pretoria. Die hutspot van hooggeregshofregter tot geoktrooieerde rekenmeester, die man wat pas uit die tronk gekom het en karig geklede straatslapers wat almal saam brood breek.

"Ons het gisteraand gepraat oor die beker in jou hand en wat uitstort as iemand jou sou stamp. As jy koffie in jou beker het, sal dit koffie wees wat mors. As die lewe jou sou stamp, wat stort uit jóú beker? Haat, woede, bitterheid, leuens? Dit sê iets van ons binnekant.

"Dis soos tandepasta – 'n mens sien eers wat werklik in die buisie is wanneer jy dit onder druk sit. Almal sê hulle is Christene, maar onder druk is die vrug dikwels materialisme, hoogmoed en wreedheid. Ons moet die lig in die donkerste tye wees. Paulus skryf van sy mooiste goed uit die tronk uit en sing selfs saam met Silas.

"Daarom fassineer die vroeë kerk my. Die kerk het die grootste verskil gemaak, gegroei van 'n paar duisend tot meer as 20 miljoen én die magtige Romeinse Ryk tot bekering gebring. En dít in 'n tyd toe die kerk die minste besit het en dit verbode was om in die openbaar oor geloof te praat.

"Toe hulle die onregverdigste behandel is, doodgemaak, gemartel of in die tronk gegooi is, het die grootste getuienisse na vore gekom. Vandag sê linkse en regse groepe mekaar gedurig sleg. Maar pleks dat ons links of regs swenk, moet ons eerder dieper in onsself delf."

In *Leef lig* wat verlede jaar uit sy pen verskyn het, beskryf Jaco vyf gewoontes van die vroeë kerk waarby ons kan kers opsteek: om tyd in afsondering in gebed te bestee, om lig te reis, in eenheid te leef, goed te wees vir jou vyande, en om vir die wêreld te gee.

Vir hom is daar 'n groot verskil tussen liefdadigheid en gemeenskap. "Natuurlik is daar 'n plek vir liefdadigheid. Moenie ophou blikkieskos gee nie – dit sal sleg wees as die sopkombuise moet toemaak. Dit moet egter nie daar eindig nie. Liefdadigheid moet die ontmoetingsplek wees waar langtermynverhoudings posvat.

"Ons moet bereid wees om ons hart te laat breek, maar ons is bang. Om net vir iemand jammer te voel hou jou op 'n afstand. Ons moet onsself doelbewus toelaat om die pyn te voel. As dít nie gebeur nie en jy het nie empatie met die persoon nie, is skuldgevoelens jou enigste dryfveer. Of hoop op beloning. Dis hoe gelowiges werk – ons hoop op beloning eendag of ons voel skuldig. Die dominee het my laat skuldig voel en nou moet ek iets doen. Of ons vrees vir straf. Godsdienstiges dink die Here gaan jou straf as jy iets nie doen nie. Dan kom Paulus en sê: 'Die liefde van Christus dring my.'

"Skuldgevoelens is soos suiker. Jy doen iets goeds en stap vol energie en vreeslik gemotiveerd daar weg. Daardie euforie verdwyn egter vinnig. As jy toelaat dat liefde groei en jy naby genoeg kom dat jou hart kan breek en jy 'n verhouding kan bou, of jy die persoon as meer as net 'n statistiek sien en sy storie hóór, dan is dit soos proteïene. En dan is daar langtermynmotivering en -energie.

"Leonard Cohen het gesê daar is 'n kraak in alles, maar dit is presies hoe die lig deurkom. Ons moet die kraak toelaat. Eers dán sien ons hoe (geestelik) arm ons werklik is."

## Vrees teenoor vryheid

Om lig te leef gaan ook oor die nuttelose aardse skatte wat ons opgaar. "Hoe meer jy het, hoe meer het jy om te verloor, en gevolglik bou ons die mure al hoe hoër. Pleks van die heinings of mure hoër maak, moet ons tafels eerder groter word. Daar's 'n ewige tweestryd tussen vrees en om vry te wees.

"Aan die een kant lê veiligheid, sekuriteit, die bekende, die gemaksone. Aan die ander kant van die draad is ontdekking, avontuur en groei. Jy kan nie albei hê nie. As jy na die een kant toe beweeg, gee jy iets van die ander kant prys. Ons moet die onbekende vaarwater aandurf. Wegbeweeg van die mooi en veilige plek waar niks groei nie. 'n Gemaksone het die slegste uitsig en boonop kan 'n dooie vis ook stroomaf swem."

Daarom moet ons oop wees vir ander stemme, sê Jaco. "Dit is soos die storie van die blindes wat aan die olifant vat en dan vertel: een voel 'n harige stert, 'n ander die harde poot of die growwe vel. As jy werklik wil weet hoe 'n olifant lyk, moet jy na almal se stories luister. Dit ontneem niks van jou Christenskap om na ander te luister nie. Ook na ouens wat radikaal anders as jy dink.

"Elkeen hou een stukkie van die legkaart. Die ingenieur het iets om by die kunstenaar te leer. Die ryk vrou het baie om te leer by die ou tannie wat na sewe weeskinders in 'n plakkerskamp omsien. Nie uit jammerte vir die ou tannie nie, maar omdat sy 'n sleutel tot die ryk vrou se geestelike groei hou.

"Dis jammer dat die tyd van die grootste skeiding tussen kulture Sondagoggende tussen nege en tien is. Ons moet vir mense brûe gee om oor te steek – ons kan nie net vir hulle vertél hulle moet dit oorsteek nie. Ons het die meeste om te leer by dié wat anders as ons is."

Jaco se derde boek verskyn in Mei. Soos sy eerste boek, *Confessions oor Kerkwees*, is dié boek vol brutale eerlikheid, nes sy gewilde blog, *Anderkant die doringdraad*. "Daar's kort stukkies, artikels, drome, rubrieke, gedigte, fiksie. Van 100 tot 1 000 woorde. Dis nie vreeslik georden nie en lyk 'n bietjie soos doringdraad." Lig en donker, soos Psalms. Kritiek én die mooi. Worsteling én welslae.

"Ons moet opnuut die plek van totale oorgawe herontdek. Elke keer teruggaan na daardie dag wat ons gesê het: 'Hier is ek, Here.' God stel nie in ons sukses belang nie. Hy wil hê ons moet beter mense word."

> 'Ons **grensdrade** moet plek maak vir **boorgate** sodat die kerk 'n **WARE DRINKPLEK** kan wees vir almal wat **dors** is'

Volgens Jaco smag hy enersyds na 'n gemeenskap van saamwees, maar andersyds na die algehele afsondering en vryheid wat die natuur bied.

"Ek redeneer dikwels soos 'n filosoof, maar as ek bid, bid ek soos 'n kind. Ek put soveel hoop uit saamwees, maar my tye van kontemplatiewe eensaamheid is spesiale alleentyd saam met God." Dan roei hy in die Transkei, Zanzibar of Mosambiek, of vaar op die Wilgerivier in die Vrystaat met sy selfgemaakte vlothuisie, Serenity, kompleet met 'n sonpaneel om sy skootrekenaar vir skryftyd te laai. Vang vis en eet neute. Vry.

"In dié onbegrensdheid besef ek telkens dat ons grensdrade moet plek maak vir boorgate sodat die kerk 'n ware drinkplek kan wees vir almal wat dors is. Jesus is die beste voorbeeld van 'n brugbouer en 'n grensverskuiwer. Hy was vir almal. Ís vir almal. Maar ons is te min soos Hy."